**SiVEST**
**Omgewingsafdeling**

Wesselweg 51
Posbus 2921
Rivonia
2128 Suid-Afrika

Tel +27 11 798 0600
Faks +27 11 803 7272
E-pos info@sivest.co.za
www.sivest.co.za

Gestig in 1952

U verwysing:
Ons verwysing: 10777 – Mierdam
Datum: 19 November 2013

Geagte Belangstellende en Geaffekteerde Party

**HEROORWEGING VAN DIE BESLUIT OM ’N WYSIGING VAN ’N OMGEWINGSMAGTIGING (OM) TE WEIER: VOORGESTELDE OPRIGTING VAN ’N 40 MW FOTOVOLTAÏESE (FV) SONKRAGAANLEG OP DIE PLAAS MIERDAM NABY PRIESKA, NOORD-KAAPPROVINSIE VAN SUID-AFRIKA**

- DEA Verw: No.: 12/12/20/2320/2 & NEAS Verw. No.: DEA/EIA/AMEND/0000033/2012

South Africa Mainstream Renewable Power Mierdam (Edms.) Bpk. (hierna Mainstream genoem) het op 6 September 2012 ’n Omgewingsmagtiging (OM) bekom vir die oprigting van ’n 40 MW Fotovoltaïese (FV) Sonkragaanleg op die plaas Mierdam naby Prieska in die Noord-Kaapprovinsie van Suid-Afrika (DO Verwysing 12/12/20/2320/2). Mainstream het die aansoek gedoen om ’n wysiging van die OM ten einde die lewering van die FV Sonkragaanleg na 75 MW te verhoog. Volgens die kennisgewing gedateer 30 Mei 2013 het die Departement van Omgewingsake (DO) besluit om nie die OM wat op 6 September 2012 uitgereik is, te wysig nie.

Op 24 Mei 2013 het SiVEST as die Omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) die DO versoek om sy besluit om nie die OM te wysig nie, in heroorweging te neem. Gevolglik het die DO, ingevolge Regulasie 43(c) van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings, 2010, saamgelees met Artikel 47A van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), besluit om die OM wat op 6 September 2012 uitgereik is, soos volg te wysig:

1. Die beskrywing of enige verwysing na die lewering/vermoë van die projek word gewysig:

   Van: *“40 MW”*
   Na: *“75 MW”*

2. Voorwaarde 42 van die OM word gewysig:

   Van: *“Die evaluering en gedetailleerde ontwerpsfase van die FV-aanleg moet in oorleg met die Vierkantekilometerverspreidingsteleskoop Suid-Afrika plaasvind”*
   Na: *“Die evaluering en gedetailleerde ontwerpsfase van die FV-aanleg moet in oorleg en in ooreenstemming met die Vierkantekilometerverspreidingsteleskoop Suid-Afrika plaasvind”*

Sou die applikant of enige party teen enige aspek van die besluit wil appelleer, moet alle voornemende appellante binne 20 dae vanaf die datum van die skrywe van die DO ’n kennisgewing van voorneme om te appelleer by die Minister indien deur middel van die volgende metodes:

Per faks: 012 320 7561

**of**

Per pos: Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447
Pretoria
0001

**of**

Per hand: 2de Vloer, Fedsure Forum-gebou, Noord Toring
H/v Lilian Ngoyi (van der Walt) en Pretoriusstraat
Pretoria

**Appèlle moet skriftelik ingedien word by:**

Mnr Z Hassam, Direkteur: Appèlle en Regsoorsig van die DO by die bogenoemde adresse of faksnommer.

Tel: 012 310 3271
E-pos: AppealsDirectorate@environment.gov.za

Neem asseblief kennis dat appèlle nie aan SiVEST of die Applikant gestuur moet word nie.

Die DO se skrywe is beskikbaar op SiVEST se webwerf (www.sivest.co.za) en is ook hierby aangeheg vir u gerief. Vir meer inligting, tree asseblief in verbinding met SiVEST by:

**SiVEST** Environmental: Andrea Gibb
Tel: 011 798 0600
Faks: 011 803 7272
E-pos: andreag@sivest.co.za

Sien asseblief die appèlprosedure wat hierby aangeheg is vir die besonderhede met betrekking tot die appèlproses.

Die uwe

Andrea Gibb
Omgewingskonsultant

**SiVEST Omgewingsafdeling**

**Ingeslote dokumente:** Appèlprosedure

DO se skrywe (gedateer 8 November 2013)